24 Feb

Uitgawe 2010/02/24

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. (**Deut.7:9**). Ons moet altyd onthou dat God 'n jaloerse God is. Dit is of alles of niks. Hy is God. En Hy begeer dat ons ook ons deel van die ooreenkoms uitleef op dieselfde manier as wat Hy Sy woord aan ons nakom. Wanneer ons voor Hom staan, laat ons begeer om Hom lief te hê met dieselfde verbintenis wat Hy openbaar teenoor ons. Kom ons leer van God en wees lief vir Hom met onverdeelde harte. ***O God, U is my God, ek sal U soek. Ek sal U lief hê met my hele hart, vir al die dae van my lewe. Ek behoort aan U en U is myne.***

Deurbraak : God's Woord in inheemse taal

Die Suid-Amerikaanse mense groep, die Quechas, het nie geglo dat God hul taal verstaan nie en dat Hy slegs Spaans praat. Ricardo, die plaaslike toordokter se seun, het van Christendom gehoor in Spaans, sy tweede taal. Die plaaslike kultuur het van hom verwag om sy pa se praktyk oor te neem. Nadat hy na die Bybel in sy eie taal geluister het, het hy 'n ander lewenstyl gehad. Hy het ontdek dat toordery 'n sonde is. Alles wat geskryf staan in die Handelinge van die Apostels het sy lewe verander. Dit was soos 'n dolk in al sy verkeerde weë. Ricardo het sy pa se besigheid oorgeneem en wanneer mense hom raadpleeg vir genesing verkondig hy die Evangelie. (Webruimte: http://www.assistnews.net/Stories/2010/s10020091.htm, 16/02/10). ***Prys die Here vir nuwe maniere om te evangeliseer en bid dat God meer inisiatiewe beskikbaar sal maak om die verlorenes te red. Verklaar God se belofte - En Ek sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en nie nalaat nie.*** (**Jes. 42:16**).

Bid vir jou gemeenskap : Howe en Regters

Hulle ontvang doodsdreigemente. Sommige ondervind slapelose nagte. 'n Groot verantwoordelikheid rus op hul skouers en hul maak besluite wat iemand se lewe drasties kan affekteer. Bid asseblief vir die persone wat geregtigheid moet laat geskied in jou gemeenskap. Oorweeg: indien jy 'n prokureur of iemand is wat op een of ander manier by die hof betrokke is ken, bid vir hulle en vra die seën van die Here op hul werk. ***So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder. Toe het die HERE dit gesien, en dit was verkeerd in sy oë dat daar geen reg was nie. En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbeide tree nie.*** (**Jes.69:14-16a**). ***Staan in God se gesag en voer oorlog uit in Sy wapenrusting met die Woord van God vir diegene wat geplaas is in die setels van geregtigheid en die fondasie van die geregtelike stelsel.*** (**Ef.6:10-18**). ***Bid dat die gees van krag, liefde en selfbeheersing regters sal vry maak van vreesagtigheid en intimidasie.*** (**2 Tim.1:7**). ***Verklaar dat regters wat aangestel is oor ons " 'n rustige en stil lewe sal lei in alle godsvrug en waardigheid."*** (**1 Tim.2:2**).

Suid-Afrika : Turn2God Konferensie

Dit is ons gebed dat individue en bedieninge hande sal vat by die samekoms in die hoofstad, by die Unie Geboue, waar ons die land en ons leiers aan God sal opdra in gebed. Ons moet na God terugdraai vir ons land se genesing. Die tema vers vir die dag is: **2 Kronieke 7:14** *"Indien my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."* (Webruimte: http://www.turn2god.co.za/, 22/02/10). ***Prys die Here vir al die deurbrake wat die organiseerders tot op hierdie oomblik ervaar het. Bid vir die beskerming van families van elkeen wat aan die inisiatief gaan deelneem.***

Internasionaal : Gebed vir Frankryk

Frankryk, in die middel van Westelike Europa, het 'n bevolking waarvan ten minste 30% ateïste is en minder as 1% is aktiewe evangeliese Christene. Onstuitbare verwêreldliking het die geestelike strydtoneel in Frankryk bemoeilik. *Pray for France* nooi Christene uit van regoor die wêreld om vir Frankryk te bid van 1-21 Maart, die dae net voor Paasfees. (Webruimte: http://www.prayforfrance.org/, 22/02/10). ***Gee die Here die eer vir die positiewe reaksies op hierdie en ander inisiatiewe. Bid dat die harte van die Franse terug sal keer na Jesus Christus. Bid dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan hulle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee.*** (**Ef.1:17**). ***Herinner die Here van Sy belofte om die land te genees as Sy eie mense hulself voor Hom sal verootmoedig.*** (**2 Kron.7:14**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com